*Dinsdag* 6 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 145

Fokusgedeelte: Psalm 145:8

Ons barmhartige Here is geduldig met ons

Die genade van die Here word met verskillende woorde vir ons beskryf in die Bybel. Ons weet dat Hy genadig is. Genade en vriendelikheid staan ten nouste met mekaar verbind. In sy genade het hy nie in woede sy kinders verwerp nie, maar in vriendelikheid hulle weer kom opsoek.

'n Ander woord wat met die liefde en genade van die Here in verband staan, is lankmoedigheid of geduld. In die Hebreeuse taal het die woord wat gebruik word die letterlike betekenis om kwaad-word uit te stel. Die mens se val in sonde het die Here woedend gemaak, maar nou, juis omdat Hy barmhartig en genadig is en lankmoedig is, stel hy sy woede uit. Ons verstaan dit ook as die Here is geduldig met ons.

Psalm 145 is ook 'n alfabetiese Psalm wat hierdie genade en barmhartigheid van die Here ons leer. Die psalms wat so gedig is, was bedoel om die kinders te help om die psalm uit die kop te leer. Dit is een van die belangrikste dinge wat die kinders van die Here kan leer, weet en glo. Wanneer hulle na die wêreld rondom hulle kyk en sien hoe Hy alles regeer en onderhou, kan hulle weet dat Hy dit doen in sy liefde.

In sy liefde het hy met hierdie sondige wêreld en opstandige kinders van Hom soveel geduld. Sy lankmoedigheid berus in die versoeningswerk van ons Here Jesus Christus. Hy het alles aan Hom onderwerp en Hy regeer in regverdigheid in hierdie wêreld. Christus regeer, want Hy het die prys van die sonde betaal en die versoening vir ons met die Vader bewerk.

Sy geduld met ons beteken nie dat ons maar kan voortgaan met sondig nie, maar dat ons Hom juis verheerlik in 'n dankbare en Geesvervulde lewe. So kan ons alle lof en eer aan Hom alleen toebring. Ons reaksie op die liefde van die Here behels dat ons hoe langer hoe meer ons ou mens aflê en in 'n nuwe lewe gehoorsaam aan Hom is.

*Sing: Psalm 116-1:1, 5*

*Dr. C (Christiaan) Jooste (Magol)*